Ek kan nie glo dit is nou al twee [jaar] gelede dat ek die eerste brief geskryf het nie. Ek wag nog steeds om van julle te hoor. Hoe lyk dit met ‘n paar bydraes.

Vandag iets oor William Skinner na wie Skinnerstaat vernoem is. Hy is gebore op 10 Februarie 1828 in Canterbury, Engeland en was die seun van Thomas Skinner en Anne Edmid.

In 1850 ariveer hy, sy vrou en die broers Louis Edward en Lionel Devereux in Port Natal. Kommandant-generaal Andries Pretorius was gedurende Mei 1852 op ‘n besoekreis na Natal en vermoedelik het hy teen die middel van Mei vir die eerste keer met Skinner en die Devereux-broers in Pietermaritz-burg kennis gemaak en hulle tydens die geleentheid oorreed om hulle vakkundige kennis in diens van die Transvalers te stel om teen ‘n goeie beloning huise op te rig.

Bou huis vir Andries Pretorius

Skinner en die twee Devereux broers het saam uit Natal na Grootplaats, ten weste van Pretoria [naby die huidige Hartbeespoortdam], gekom om vir Kommandant Generaal Andries Pretorius ‘n huis te bou. Op Grootplaas was die Devereux-broers en Skinner vir ‘n geruime tyd besig met die bou van Andries Pretorius se indrukwekkende huis. Waar die Kommandant-generaal teen die einde van 1851 en aan die begin van 1852 nog in “een huisje van klei, verdeeld in drie klein vertrekken zonder zoldering” gewoon het, was sy nuwe huis in Maart 1853 grotendeels voltooi deur die ingevoerde Engelse ambagslui. Die huis het ‘n spitsdak van tamboekiegras gehad, hoë winkelhaaktrappies, en ‘n ruim stoep. Plankvloere, ‘n solder en ‘n groot kelder, terwyl die mure met plakpapier beplak was. Die huis was van bakstene gebou met sewe kamers en ‘n ruim voorhuis. Die geelhoutplanke en ander boubenodighede is deur die ambagsliede uit Natal aangery. Dit was met die oog op die uitleg en opbou van die kerkplaas Elandspoort vir Pretorius ‘n besonder gelukkige sameloop van omstandighede dat hy gebruik kon maak van die bekwame en vakkundige dienste van Willian Skinner en die twee broers Louis en Loinel Devereux.

Oorspronklike opmeting van Pretoria

Wat veral belangrik is uit die oogpunt van die oorspronklike aanlê van die kerkplaas en die uitlê van die kerkplein, strate en erwe, is dat sowel die Devereux-broers as Skinner oor ‘n mate van landmeterkennis beskik het. Dit was dan ook die twee broers Loius en Lionel Devereux, met die hulp van William Skinner en Jan Visagie wat die eerste, oorspronklike opmeting en afbakening van die Pretoriase Kerkplein, met die eerste aantal erwe rondom die plein en die twee strate wat toegang tot die plein verleen, tot stand gebring het.

Die presiese plek waar die kerkgebou op die middelpunt van die kerkplein te staan moes kom, is deur M.W. Pretorius self vasgestel, in oorleg met, en in teenwoordigheid van die Devereux-broers, Skinner, “Kerkeraad” Coos Erasmus, Jan Visagie, die sekretaris van die Kommandant-generaal en waarskynlik veldkornet Andries van der Walt, J.J.P. Prinsloo en ander belangstellende kerkraadslede.

Bou eerste Kerk

William Skinner was verantwoordelik vir die bou van die eerste kerk op kerkplein. Daar is nie sekerheid nie maar dit lyk asof hy eerder ‘n soort van bouaannemer as ‘n bouer was. Verskeie ander mense het ook gehelp met die bou van die kerk. Volgens aanduidings is daar in 1854 met die bouery begin maar een of ander ernstige vertraging was egter die oorsaak daarvan dat die kerkgebou eers teen die einde van 1856 voltooi is. Dit mag wees dat die bouwerksaamheid eers in 1855 in alle erns aangepak is, nadat die eerste kerkraad van die nuwe gemeente in September 1855 in funksie getree het.

Op die gewel van die kerk het die jaartal 1855 saam met die voorletters van die drie kontrakteurs [D.D.S.] in duidelike letters gepryk. Ek kon ongelukkig nog geen foto opspoor waar die inskripsie sigbaar is nie. Dit staan vir Devereux, Devereux en Skinner. Albert Broderick, winkelier en digter van Pretoria verwys in ‘n gedig na “Kirk on Market Square, with your D.D.S. initials, standing on your gable there”. Die Volkstem van 5 Oktober 1904 bevestig

Broderick se verwysing na die kontrakteurs Devereux, Devereux & Skinner se voorletters op een van kerkgebou se gewels: “Het oude kerkgebouw .. .werd gebouwd door de gebroeders Devereux & Skinner ... Op een der gevels prykte dan ook in duidelike letters de initialen der boulieden: D. D. & S., met het jaartal: 1855 eronder.”

Die kerk is gebou in die laat Kaap-Hollandse styl. Die “Crow-stepped” gewel was een van die uitstaande kenmerke van die kerk. As boumatriaal word gebruik gamaak van modderstene sonder sement. Die kerk het ‘n grasdak, grondvloere en geen toring, sitplekke of plafonne nie. Daar word geen spykers gebruik nie maar wel houtpenne. Al die hout vir die gebou was onbehandelde hout en word voorsien deur H.A. Pretoruis ‘n broer van A.W.J. Pretorius.

Die kerkinwyding was op 21 en 22 Februarie 1857. Vir die geleentheid het ds. Van der Hoff na Pretoria gekom vir die Nagmaalsviering. En van heinde en verre het die belangstellendes met ossewaens en te perd gekom. Die opkoms was groot en meer as 200 waens behalwe die enkelinge te perd, het op die kerkplein byeengekom. Tydends die eredienste wat almal deur ds. Van der Hoff waargeneem is, was die kerkgebou te klein en sommige mense het selfs op die balke gesit.

Op Maandagoggend 23 Februarie 1857 het, soos die gebuik was, die slot erediens plaasgevind. Daardie middag was die kerkgebou vir die eerste keer ook getuie van ‘n stukkie staatkundige geskiedenis van die ZAR. Die pasaanvaarde landsvlag, die Vierkleur, is by die geleentheid vir die eerste keer in Pretoria gehys. Dit was toe maar die tweede amptelike geleentheid waar die Vierkleur gehys is. Die eerste geleentheid was op 6 Januarie 1857 te Potchefstroom met die inhuldiging van M.W. Pretorius as staatspresident.

Nege jaar later gedurende 1865 word die kerk vergroot deur die toevoeging van nog ‘n vleuel sodat die kerk nou die vorm van ‘n kruis het. Die kerk het in 1882 afgebrand.



Die afbeelding van Kerkplein kom uit Vivien Allen se boek en is in 1879 geskilder deur A.A. Anderson. Dit wys hoofman Sekhukune op pad na die tronk. In Die middel van die plein sien ons die eerste kerk. Hier is dit reeds vergroot en het die vorm van ‘n kruis. Die gebou heel regs is die huis en winkel van John Robert Lys op die hoek van Kerkplein en Markstraat [vandag Paul Krugerstraat]. Die lang grasdak gebou oorkant die pad is die eerste Raadsaal wat ook deur Skinner gebou is. Die blou gebou regs daarvan is die European Hotel. Die Hotel is kort daarna verander in ‘n dubbelverdiepping gebou.

Bou eerste Skool

Op 13 Desember 1859 begin William Skinner met die bou van die eerste skool. Die skool het gestaan in die noordwestelike hoek van Kerkplein op die sg. “Skool erf”. Vandag staan die Westelike deel van die Paleis van Justisie op die erf. [sien foto involgende maand se brief]

Bou eerste Raadsaal
In 1864 toe hy die eerste Raadsaal [Goewermentsgebou] voltooi het, op die plek waar die huidige Raadsaal vandag staan, het die volksraad nie genoeg geld gehad om die kostes te dek nie en 680 pond word van die staatsdrukker C Moll geleen om hom te betaal. Mnr. Kleynhans [Pretoriana] onthou dat die die een deel van die Raadsaal ‘n geelhoutplankvloer gehad het en die ander deel ‘n grondvloer en dat die grondvloer elke Saterdag oudergewoonte “gesmeer” is.

Bou eerste Tronk
William Skinner bou ook die eerste tronk. Dit is in die omgewing van die ou Raadsaal opgerig en was glo van die Harbeeshuis-tipe met ‘n grasdak. Voorwaar sou dit nie veel moeite geverg het om daaruit te ontsnap nie. Hierdie eerste tronk het baie jare diens gedoen en dit was eers in die begin van 1873 dat die regreing, op die aandrang van Skinner [wat toe landdros was], daartoe oorgegaan het om ‘n gevangenis op te rig. Die nuwe gevangenis het op die hoek van Bosman-en Visagiestraat verrys.

Dien op verskeie komitees
In 1864 word hy gekies as lid van die plaaslike Skool-kommisie. Saam met hom op die kommisie was dominee A.J.Begeman [voorsitter], J.F. Schutte, A.F. Du Toit, J.R. Lys en J.G.C. van Leenhoff . Hulle was ook o.a. verantwoordelik was vir die afneem van eksamens.

William word in 1964 en weer in 1867 gekies as lid van die Heemraad van Pretoria. [Volgens die HAT is dit die raad wat in die tyd van die Oos-Indiese Kompanie onder voorsitterskap van die landdros o.m. ‘n hof gevorm het om siviele en krimenele sakke te verhoor.]

In 1867 tree William Skinner op as skutmeester vir Pretoria.

Op 27 Augustus 1867 is ‘n openbare vergadering van ingesetenes [mense wat in Pretoria bly] gehou waar die Staatspresident ook aanwesig was. Hier is besluit dat ‘n “Comitee” bestaand uit S.J. Meintjies, ds. Swart, P. Marais, M. de Vries, H. van der Linder, W. Skinner, J. Preller, ds. A.J. Begeman en H. Struben, by die Regering om ‘n stuk grond vir ‘n algemene begraafplaas vir blankes aansoek moes doen. Twee blokke erwe aan die westekant van Pretoria is toegestaan. Daarna het die komitee ‘n “Reglement voor eene algemene en burgerlyke begraafplaats voor blankes in het dorp Pretoria” opgestel. Dit was die eerste amptelike begraafplaas van Pretoria

Staan vir Volksraad
Berig in die Staatskoerant van 9 Augustus 1864. In die Volksraadverkiessing is stemme uitgebring vir amper 50 persone. Die volgende persone word verkies: B.J. Pretorius [80 stemme], P. Barnard [79 stemme] en Ch. Joubert [62 stemme]. William en sy drie Engelse vriende het nie so goed gevaar nie. John Robert Lys [12 stemme], William Skinner [7 stemme] en Albert Brodrick [1 stem]. Hier moet egter bygevoeg word dat daar 30 persone is wat minder stemme as William gekry het.

In Maart 1885 staan hy weer vir die Volksraadsverkiessing. Daar gaan ‘n felle stryd wees mnr. W Skinner en dr. EJP Jorrisen. Die enigste plaaslik koerant, De Volkstem, hou die publiek op hoogte van van sake oor die spanningsvolle verkiesingswedloop.. (Dit is interresant om te weet dat die koerant net twee keer per week om die beurt in Hollands en Engels verskyn het!) “There was some speculatuin, however, as to which of the two candidates would be returned as a member of the Volksraad, MR. W SKINNER, or DR. EJP JORRISON. The former had been the first in the field and it was known that that he had a strong Government support and that canvassing was actively going on for him in secret. Up to a forthnight ago nothing in particular was done for DR. Jorrison, but at about that time a commitee was formed, wich at once commenced business with a will. As our readers know, the first thing they did was to invite the electors of Pretoria to a public meeting, which was held on Thursday afternoon in the Town Hall, Some 70 or 80 gentlemen were present, as was one candidate, DR. JORRISEN, MR SKINNER not having responded to the invitation of the committee.

Dat Skinner nie die vergadring bygewoon het nie, was waarskynlik ‘n oordeelsfout, want in die daaropvolgende verkiesing het hy uitgeval en is Dr. Jorrisen verkies as Volksraadslid! Die verkiesing het egter in ‘n baie gemoedelike gees plaasgevind soos in die volgende berig weerspieel word: “Three cheers were then given for DR. JORRISEN and three for MR. SKINNER.” thus ended this election, which had been carried om during the day with the utmost good nuture by the rival committees and the result of which we hope will be of much benefit to the country.”

Aangestel as vyfde Landdros van Pretoria

In die Staatskoerant van 11 Desember 1867 word bekend gemaak dat William Skinner aangestel is as waarnemende landdros in die plek van C. Moll wat op eie versoek eervol ontslaan is. In dieselfde koerant noem hulle ook dat die pos van Landdros in Pretoria vakant is en daar word twee kandidate voorgestel:

1. William Skinner. Heemraad en tans waarnemende landdros van Pretoria en
2. A.A.O’Reilly. Tans Landdros van Wakkerstroom

William Skinner word gekies en is in 1868 aangestel as die vyfde Landdros van Pretoria. Sy aanstelling is voorafgegaan deur die volgende Landdroste: 1. A.F.du Toit (1857/59) 2. J.J.P. Prinsloo (1860/61) 3. F.K. Mare (1861/63) en 4. C. Moll (1864/67)

Die anneksasie van die Republiek deur Britanje was vir Skinner nie ‘n maklike tyd nie, as landdros was hy na die anneksasie ‘n Britse amptenaar en moes hy by geleentheid Sir Theophilis Shepstone, die Britse administrateur van Transvaal, se bevele uitvoer. Dit is dus geen wonder dat hy op 25 Mei 1878, uitgetree het as landdros nie. Alhoewel hy ‘n Engelsman was wou hy nie teen sy vrou se mense veg nie. In ‘n privaatversameling is die brief wat Osborne [Staatsekretaris] aan hom geskryf het. Hy skryf ondermeer: “In reply I am directed to inform you that his Excelency has been pleased to accept you resignation.” William Skinner het later na die anneksasie weer die pos van landdros aanvaar.

Hy het in 1873 bepaal dat persone in die regsbank almal togas moet dra. In ‘n Volksstem van 1873 word berig dat hy die verrigtinge onderbreek het om van De Vries te verneem hoekom hy nie ‘n toga dra nie. Voortaan moet almal in die hof togas dra.

Stigting van ‘n munisipaliteit

‘n Vergadering van “ingesetenen” is op 23 Desember 1872 gehou en daar is landdros W. Skinner John R Lys, Maurits de Vries en J C Preller, “allen wonende te Pretoria”, aangewys “om te onderzoeken welke middelen aangewend moeten worde, ter verkryging van een Municipaliteit of Dorpsbestuur te Pretoria”. Die regering en die burgers van Pretoria kon nie tot ‘n vergelyk kom nie en eers in 1874 is daar gevorder met die totstandkoming van ‘n Munisipaliteit vir Pretoria.

n Volgende vergadering met die oog op die oprigting van ‘n munisipaliteit vir Pretoria het op 8 Januarie 1874 onder voorsitterskap van die Landdros (Skinner) plaasgevind, maar hierdie vergadering van “huishouders” het nie veel verrig nie. Na ‘n geredekawel oor die vorige pogings om ‘n munisipaliteit in te stel, is besuit om die vergadering tot 15 Januarie 1874 te verdaag, sodat die komitee, wat in 1872 aangewys is, geleentheid gegun kon word om verslag te doen. Die sake het egter nie volgens plan verloop nie. Die volgende vergadering wat deur van tussen twintig tot dertig “ingezetene” bygewoon is, is eers op 21 Desember 1874 in die landdroskantoor onder voorsitterskap van landdros W. Skinner gehou. Na ‘n warm en uitgerekte bespreking het die vergadering uiteindelik met ‘n meerderheidsstem besluit om vir 14 dae te verdaag, sodat ‘n deputasie met die regering kon onderhandel. Met die besluit is egter ietwat getalm en daar is eers in Maart 1875 weer aandag aan die saak geskenk.

Die eerste munisipale verkiessing in Pretoria word gehou op 25 Oktober 1880. Op 26 Oktober 1880 berig “De Volkssten “ as volg oor die gebreure: “....De winkels en kantoren waren gesloten en overal heerschte er eene drukte zooals Pretoria nog maar Zelden heft beleeft....”

William Skinner word saam met R.C. Green aangewys as raadslede vir Wyk 2 van die munisipaliteit van Pretoria. Die uitslae van die vier wyke is deur "een grote massa volks met gejiuch begroet." Daarna is van die suksesvolle kandidate by die European Hotel op die toonbank geplaas om die mense toe te spreek. Die lawaai was egter so groot dat geen woord van die toesprake gehoor kon word nie.

Speel krieket

Berig in volksstem van 13 Desember 1873. William Skinner het gespeel vir die "Mother Country Eleven" in die plek van J.R. Lys wat siek was. Hy is uitgeboul deur Meintjes vir 1 een later het hy Minnaar uitgevang ook vir 1. Die "South African Born eleven" het gewen met 'n groot totaal van 169 lopies teenoor die 164 van die ander span. Hy het ook op komitee gedien wat die wedstyde gereël het.

William Skinner as gesinsman

William Skinner se eerste vrou sterf in 'n ossewa ongeluk naby die huidige Hartbeespoortdam. Op 9 Januarie 1858 trou William Skinner met Debora Wilhelmina Landman 'n kleindogter van die voortrekker Piet Retief. Willima Skinner het 17 kinders gehad.

Uit dit wat ons vandag van hom weet lyk dit asof hy betrokke was by die opvoeding van sy kinders. In daardie dae was onderwysfasiliteite besonder karig en vir daardie rede was dit algemeen gevoel dat iets gedoen moes word om die toestand op onderwysgebied, veral vir dogters te verbeter. Op 7 Maart 1874 het die volgende kennisgewing in "De Volksstem" verskyn. "Opvoeding voor Jongejuffrouwen - Wy vernemen dat de heeren S.J. Meintjies, W. Skinner, J.R. Lys, P.J. Marais, J.C. Preller, en M. de Vries zich gevormd hebben tot een Comite om te Pretoria een geschikte school tot opvoeding voor jonge juffrouwen op te richten en dat de ingezetenen verzocht zullen worden om eene vergadering ter verwezenlijking van dit plan, bij te wonen op Dinsdag aanstaande, des namiddaags ten 4 ure, in de Goewernments School." Met medewerking van ds. en mev. H.S. Bosman het hulle werk vrug gedra, want op 23 April 1878 is die hoeksteen van die skoolgebou op die hoek van Schoeman- en Van der Waltstraat gelê. Dit was die bekende "Prospect Seminary."

Gedurende 1873/74 verskyn daar 'n hele aantal berigte oor die wandade van kwaaijongens op die dorp. Hulle het o.a. een aand oral in die dorp gras aan die brand gesteek en by 'n ander geleentheid weer ruite stukkend gegooi. Moontlik is dit hoekom William Skinner die volgende advertensie in die koerant geplaas het. "W. Skinner, J.C. Rous en C. van Boeschoten in samewerking met Julius Jeppe en Kapt O. Riedl gaan 'n gimnastiekskool vir seuns begin. Oefening onder leiding van Kapt. Riedl sal twee middae per week plaasvind. Aanvanklik sal die oefeninge sonder apparaat wees maar sodra fondse beskikbaar is sal die nodige apparaat gebou word."

Dit lyk nie asof dit gehelp het nie, 'n paar weke later verskyn die volgende berig in die koerant. "Maandag middag hardloop 'n perd met 'n blik aan sy stert vesgebind deur die dorp, tot groot gevaar van vroue en kinders. Die arme dier hardloop asof gejaagd en skop kort-kort agterop. 'n paar kinders naby die smidswinkel van meneer Andrews is amper uit die aarde geloop. Daar word verneem dat die perd aan die landdros [Skinner] behoort. Gelukkig is niemand beseer nie."

In Die Volksstem van 19 Desember 1874 word gemeld dat landros Skinner 'n kinderbal by sy huis gehou het. Ongelukkig word daar nie meer breedvoerig oor die bal berig nie.

Woonhuis van William Skinner

William Skinner het aanvanklik by Kootjie Vermeulen losseer, maar later het hy vir homself 'n woonhuis gebou op die hoek van Markstraat [later Paul Krugerstraat] en Skinnerstraat. Laasgenoemde straat is na hom vernoem.

Sy woning in Markstraat "The Bungalows". Sir John Kotze, die regter van die hoërhof in Transvaal was so beindruk met die huis en lieflike tuin toe hy in 1877 in Pretoria aankom dat hy besluit het om dit eendag te besit. Toe Skinner later na sy plaas "Skinner's Court" trek het Sir

John dan ook die huis gekoop. Sir John vertel in sy Memoirs dat toe hy in Pretoria aangekom het en in Markstraat afgery het was die huis links van die straat geleë.

Skinner's Court was Wes van Pretoria waar die Kwaggasentrum tans is. Die dag toe Skinner's Court sy naam gekry het word as volg beskryf: "It appears that Mr. Skinner invited a few friends to the christening of this new property, which he had acquired. The christening bowl were champagne glasses, and when the toast was proposed, a stalward merchant, Mr. A Broderick, interuppted Mr. Skinner in the middle of his baptismal oration, and said that in the opinion of the inhabitants of Pretoria, the new property should be called Skinner's Court." Brodrick kom goed met woorde speel – Court soos in landgoed of soos in die Landdros se hof.

William Skinner sterf vroeg die oggend van 15 Junie 1885 aan longontsteking. Die middag kondig Die Volkstem die treurige nuus aan: "It is our sad duty to report the decease of one of the oldest and most wideley known inhabitants of Pretoria. Mr. William Skinner, who died at his residence, Skinners Court this morning. His death took place somewhat unexpectedly, as it was only late last night when we for the first time heard of his illness - congestion of the lungs. The late Mr Skinner has, during his residence here, occupied some inportant positions an the Republic. We therefore hope to give a more extended obituary notice in our next issue to his bereaved relatives and friends."

Skinner word 16 Junie 1885 die middag begrawe in die ou Kerkhof in Kerkstraat. Vlae word halfmas gehys en die Volksraad betoon hulle respek deur die dag se sitting te kanselleer. Die Volkstem beskryf die begrafnisstoet as een van die grootste nog in Pretoria.

Soos reeds genoem was William Skinner en Loius Devereux nie net swaers en venote nie, maar ook boesemvriende. Hulle het 'n ver pad saam gekom vanaf hul geboorteland Engeland, en het baie lief en leed gedeel in hul nuwe vaderland. Watter vreemde sameloop vm onstandighede was dit nie dat Devereux sestien dae na Skinner se dood op Woensdag 1 Julie 1858_ ook oorlede is nie! Wat dit nog meer merkwaardig maak, is dat hulle aan dieselfde kwaal naamlik longontsteking oorlede is. Volgens familie-oorlewering is hulle in dieselfde graf in die Ou kerkhof in Kerkstraat Pretoria begrawe.

Die volgende is na William Skinner vernoem:

Skinnerstraat

Skinnerstraat en Skinnerlaan in Pretoria heet na William Skinner. Wanneer dit benoem is is nie seker nie.

Skinnerspruit

Skinnerspruit ontspring in die hoogte bokant Attridgeville en vloei in 'n suidelike rigting na Lotus Gardens, dan vloei dit ooswaarts verby Danville en Pretoira Wes waarna dit weswaarts vloei en naby Capital park aansluit by die Apiesrivier. (Andrwes, 14) Skinnerspruit het deur William Skinner se Landgoed Skinner's Court geloop.

Courtstraat

Courtstraat in Pretoria Wes dui die westelike grens van William Skinner se landgoed Skinner's Court aan.

Groete tot volgende maand. Rosa Swanepoel